LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 16
10 Mei 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

TROTS VOLKSKOOL 'buffs' en rugsakkies
Die wintersport-seisoen is hier! Kom koop jou TROTS VOLKSKOOL 'buff' @ R70 gedurende pouse by Brenda by die kantoor. Leerders mag die 'buffs' tydens sportgeleenthede dra. Daar is ook rugsakkies beskikbaar @ R50 elk.

WISKUNDE KOMPETISIE
Op Vrydag, 3 Mei 2019 vanaf 14:00 tot 15:00 het 12 van Laer Volkskool se graad 6/7 leerlinge aan 'n aanlyn Wiskunde kompetisie van Netwerk 24 in samewerking met Die Burger, Beeld, Volksblad en Cum Laude Media deelgeneem.

Daar was omtrent kopgekrap so op 'n Vrydagmiddag. Al die leerlinge het hul aanlyntoets in die gegewe tyd voltooi. Die leerlinge wat hieraan deelgeneem het, is:

Graad 6	Graad 7
Louw Borcherds	Adriaan Blignaut
Dominique Botha	Mark Blom
Nina Loots	Bianca Fitzgerald
Saré Viljoen	Xander Keyser
	Juan Stannard
	Hubert Viljoen
	Freddie van der Mescht
	Stephan Vosloo

DE AAR EISTEDDFOD
As gevolg van die Revue wat in dieselfde week as die Eisteddfod plaasvind, kan die skool nie leerders vir voordrag inskryf nie. Daar sal slegs inskrywings vir **fotografie** en **visuele kunste** ingestuur word. Die **sluitingsdatum is 31 Mei 2019**. **Inskrywingsgeld is R30.00**. Vir enige navrae kontak mej Tanya Fourie by die skool.

OOV-VERKOPE SPORTDAG
Baie dankie aan elke ouer wat Saterdag tydens die sportdag teen Hangklip met die verkope gehelp het. Dankie ook aan al die pappas wat die sosaties en wors gebraai het.

Die OOV bedank ook elke ouer wat 'n donasie of skenking gemaak het. Ons het R15767 wins gemaak op die dag. Ons waardeer elkeen se bereidwilligheid en positiewe gesindheid tydens die byeenkoms.

SPORT

UITSLAE VAN WEDSTRYDE TEEN HANGKLIP

RUGBY

SPAN	LAER VOLKSKOOL	TEENSTANDER
o.7A	20	10
o.9A	0	25
o.11B	19	0
o.11A	36	0
o.13A	46	0

NETBAL

SPAN	LAER VOLKSKOOL	TEENSTANDER
o.8A	12	3
o.8B	10	0
o.9A	6	1
o.9B	3	0
o.10A	10	3
o.11A	8	5
o.11B	4	3
o.13B	11	7
o.13A	14	22
o.13C	8	5

HOKKIE

SPAN	LAER VOLKSKOOL	TEENSTANDER
o.8A	9	0
o.9A	3	3
o.10A	3	4
o.13B	0	2
o.13A	1	4

HOKKIE
Almal is baie opgewonde oor Claudia Cooke ons nuwe hokkie afrigter by die Hoërskool en ook die hokkie koördineerder van Volkskool. Dis 'n wonderlike geleentheid vir al ons kinders by LVS.
Elke Vrydagmiddag vanaf 12 April 2019 om 16:00 – 17:00 op Union se Astro gaan sy GRATIS hokkie-afrigting aanbied vir al ons kinders.

ALMAL IS WELKOM. MAAK ASB VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK!

TENNIS
Maandag, 6 Mei was die ouer/kind/onderwyser/oupa dag. Wat ‘n heerlike dag was dit nie! 26 Pare het ingeskryf en almal het heerlike tennis gespeel. Almal was ‘n wenner en elkeen het ‘n prys gekry. Petrus Wolfaardt was die Haan van die toernooi en Elizke Gouws – die Hen van die toernooi. Dankie vir elke deelnemer en almal wat gehelp het om die dag ‘n sukses te maak.

SEWE-AAN-‘N-KANT
Op 12 Junie hou ons ‘n Sewe-aan-‘n-kant- rugby en netbaldag. Kinders en ouers kan spanne inskryf om deel te neem. Die span moet ‘n naam hê en volgens ‘n tema aantrek. Almal gaan rugby en netbal speel, so ouers en, leerders, kry julle spanne reg. Die koste beloop R10 per speller. Daar gaan ‘n verskeidenheid van stalletjies ook wees. Inskrywingsvorms sal van 30 Mei by mev Van Wyk beskikwbaar wees.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

KOSBAARHEDE UIT DIE SKATKIS

‘n Vrolike glimlag, ‘n woord van troos,
‘n drukkie op die regte tyd …
Dis net ‘n paar van die kosbaarhede
uit die skatkis van die ewigheid.

Spreuke 15:23

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803

ADVERTENSIES

LAPA BOEKUITSTALLING

Sien advertensie aan einde van Nuusbrief.

NS. Wendy Maartens besoek die skool op Dinsdag, 21 Mei om 11:30. Sy gaan met Gr 1 – 5 leerlinge gesels.

Ouers is baie welkom om die praatjie by te woon.

Weppie Preppie
Roadhouse
R35
R15
Boereworsrolle
R25
•BURGER•
R15
• TJIPS •
Melkskommels
Draairoomys
Datum: 17 Mei
Plek: Weppie Preppie
Tyd: 18:00
Bestellings: 049 892 2643 - 072 199 7821